Leiers soos Galeng, Bushy, Khasu, Khotso en Mmoloki. Ek wil ook vir die jeug sê dankie wat vandag teenwoordig is, sodat julle kan hoor van die openlike apartheid in S.A. wat hartseer veroorsaak. Hierdie jongmense het n baie goeie boodskap vanaf die komitee gebring. Die goeie boodskap wat ek bring is dat die boere te sleg is om self dinge uit te vind en nou van ons mense gebruik maak teen ons. Hierdie mense wat saam met die boere werk, is rugstekers, en dis juis hulle wat dinge nog moeiliker maak vir ons. Voor ek verder gaan wil ek julle vra om n rukkie op te staan ter herinnering aan ons leiers, wat nou nog in die moeilikheid is, deurdat hulle probeer het om ons lewensstandaard te verbeter. Ons sal net n kort rukkie opstaan, en terwyl ons staan sal ons net een vers sing ter verering wat so lui: "Se Euzeni Na ?" Wat het ons gemaak ? Terwyl ons dan sing moet ons die leiers steeds in gedagte hou. As ons dan sing moet ons die eerste keer, wat ons die versie sing, hardop sing en die wat daarna volg, sagter. (Almal sowel as hy het begin sing. Toe die lied die tweede keer gesing is, het Aubrey Mokoena begin bid.)

"Ek dink aan al die mense wat ingeperk is, ons wil hulle graag voor die Here se aandag bring. Ek bid vir ons kinders wat verhoor word omdat hulle die waarheid praat, die waarheid in begrip van ons swaarkry. Ons bid ook vir mense wat gedood is soos Steve BIKO, en ook ander." (Die laaste gedeelte van die gebed was onduidelik, en daarna het hy Amen gesê.) (Die gehoor skree toe "AMANDLA !,"NGA WETHU" !).

"Dames en Here, graag wil ek die doel van hierdie byeenkoms bekend maak. Ons is nie hier om te huil of om te baklei nie; ons is hier ter herdenking aan 29 jaar gelede toe die leiers in Kliptown, n dorpie in Johannesburg, bymekaar gekom het, asook duisende afgevaardigdes van verskeie plekke oor die hele S.A.

Hulle het almal vir net een doel bymekaar gekom, en dit is om hulle griewe op te los. (Hy het toe vermoedelik iets gewys.) Dit wat hier geskryf staan, is slegs die waarheid en vir hierdie waarheid is die S.A. Regering bang. Dit wat hulle geskryf het, was om te wys hoe S.A. moes wees, daar is egter nou mense wat die ou skrifte minag. Ons het n nuwe waarheid ! Julle moet weet, die stryd wat ons stry is n harde stryd. Deel van die waarheidsstryd is die Freedom Charter, wat die "Vry-lande" se respek afdwing. Julle moet luister na die stryd wat aan die gang is. "The struggle of the Republic" het nie 1970 of 1961 begin nie, maar 332 jaar gelede toe Jan van Riebeeck met sy skepe langs die kus af gekom het, het hy gesien dat die wêrelddeel mooi is. Toe hy en sy geselskap hulle hier kom vestig het, het hulle begin om die wêreld te regeer. Hulle het regeer en mense swanger gemaak. Ons grootste probleem was dat hulle nie op hulle eie voete aagegaan het nie, maar teen ons oorlog gemaak het. Daar het die stryd reeds begin, en dit duur nog voort. Die resies is waarvan ek hou, want die resies word nie net deur een deelgeneem nie, maar deur baie wat mekaar verstaan, saamwerk en mekaar help. Soos ons op die TV sien by n atletiekbyeenkoms, is daar vier mense wat deelneem aan n aflos wedloop. Die span is gekies soos bv. die Springbokke.

Page 44 – after line 19;

VERTALING:

WAT HET ONS GEDOEN ?

WAT HET ONS GEDOEN ?

WAT HET ONS GEDOEN ?

WAT HET ONS GEDOEN ?

HMM HMM HMM

HMM HMM HMM

HMM HMM HMM

HMM HMM HMM

As hulle dan hardloop en wen, dan is dit nie net die een wat oor die wenstreep hardloop wat wen nie, maar dit is die hele span. Nelson Mandela is nog steeds in die wedloop, hy hardloop nie net vir homself dat sy naam kan groot wees nie, maar vir ons almal. (Hy praat nog iets oor Mandela, maar die opname is baie onduidelik.)

Daarom almal wat gevange geneem is, sit nie net die gevangenis vir sy ideaal nie, maar vir ons almal s'n. Dit is waarom ek sê dat ons almal onder die reëls van die Freedom Charter moet kom, en die UDF dien om sodoende deel van die stryd te word, net soos in Angola. Derhalwe moet ons saamwerk, om een groep naamlik die UDF. UDF is daar vir alle mense, dit maak nie saak van jou kultuur en of jy geel of swart is nie, maar ons wil net vry wees. As ek dan klaar gepraat het, en daar is mense wat my wil volg, dan moet hulle dit doen, want soos Jesus gesê het, : "Ek is nie hier om julle te mislei nie, die wat my volg, word die mense van God genoem." Ons wil nie eendag hoor dat ons nie van die witmense hou nie, ons wil net hê dat hulle eendag moet doodgaan vir hulle geloof, soos die lied sê. As ons eendag aan bewind kom, moet ons slegs een volk wees, met gelyke regte, sodat elkeen sy talente regmatig kan gebruik. Dit is slegs moontlik as ons saamwerk en lojaal is teenoor ons leiers, derhalwe doen wat ons leiers sê ons moet doen en die "Release Mandela Campaign" stig en steun. P.W. Botha het valse verklarings gegee i.v.m. die toestand in S.A. asook van die sogenaamde konstitusie. Terwyl hy nog so valse verklarings gegee het, is daar aan hom gevra of hy al gehoor het van die "Release Mandela Campaign". Ook is daar gevra dat Mandela en die ander wat in hegtenis geneem is, vrygelaat moet word en hy moet hoor wat sy Regering daarvan sê. Botha het toe sy oë bekommerd geknip en gesê dat sy Regering nog nie uitsluitel gegee het nie. Toe antwoord ons en sê dat Botha het die Nkomati verdrag op sy eie gesluit en hy het dit vir homself geheim gehou. Jy, P.W. Botha, vergeet maklik. Tien jaar gelede het jou Regering van S.A. vir Smith van Rhodisië gesê om vir Nkomo en Mugabe vry te laat. Dis toe dat Smith aan jou Regering sê dat hy gedink het dat hy 'n vriend in S.A. het, maar nou wil julle hê dat ons Nkomo en Mugabe moet vrylaat. Dis toe dat die S.A. Regering vir Smith se Regering se dat sien hulle nie die gevaar dat hulle moelikheid gaan kry as hulle nie vir Nkomo en Mugabe vrylaat nie. Toe het Smith gevra waar hulle konferensie kan hou? Die regering van Pretoria het toe 'n groot trein gegee om die konferensie in te hou. Die konferensie is toe deur baie mans in Zambië gehou. Toe sê ons dat die Release Mandela Campaign is op die Smith-voorval gebasseer. Julle boere weet mos hoe om die saak te hanteer, en moenie maak of julle nie weet hoe om dit te hanteer nie. Julle het mos vir Smith gesê om so te maak, hoekom maak julle nie self so ni What is good for a goose is good for our country. S.A., Angola en Zimbabwe is almal dieselfde. Daar sal geen vrede wees voordat Nelson Mandela en ander gevangenis nie vrygelaat is nie. Daardie mans en vroue moet terugkom en hulle moet sê dat hulle hul eie konstitusie wil hê, en die Regering moet so 'n konstitusie stig wat hulle tevrede sal stel. As dit nie gebeur nie, sal daar nie vrede wees nie. Botha kan maar na Nkomati, Swaziland en Botswana toe gaan, of na enige ander plek hardloop, maar solank hy nie vir Nelson Mandela wil vrylaat nie, sy moer, hy speel.

Botha vlieg rond om die stink apartheid te gaan verkoop. Nelson Mandela sal uitkom, maak nie saak hoe nie, ons weet hy sal uitkom. Toe die boere met die A.N.C. moeilikheid optel was dit nie deurmiddel van ons nie. Ons is nie van of teen die A.N.C. of Kommuniste nie, ons is teen die apartheid. Kortliks wil ons sê dat Nelson Mandela moet ontslaan word. Ek kan in my ore hoor; "I hear some footsteps"! (Iemand begin sy voete te stamp.) Ek hoor in my ore dat daar 'n gedruis is, en die dag sal kom, en daardie dag sal die deur van "Robbin Island" en die deur van "Central Prison" oopgemaak word, asook die "Border Gates" waar ons mense voorgekeer word. (Die gehoor skree "AMANDLA" en "NGA WETHU".)

Hulle sal eendag met vuurwapens kom en hulle sal die mense skiet wat hulle voorkeer by die grensposte. (Die gehoor skree "AMANDLA" en "NGA WETHU".)

Ja, ek kan die gedruis hoor van Nelson Mandela wanneer hy uit is en die mense sal sê; "Ons helper is uit!" Dan sal hy op die paviljoen staan. (Die gehoor skree "AMANDLA" en "NGA WETHU".)

Julle weet almal dat dit nie 'n droom is nie. "All is on our side, that is on our side, the truth is on our side." (Iemand uit die gehoor skree "AMANDLA"! en die gehoor antwoord met "NGA WETHU"! Daarna skree hulle "AUBREY! AUBREY!" en hulle klap hande.)

Voorsitter : Hoffman GALENG :

"Ek wil net baie dankie sê aan Aubrey Mokoena vir sy toespraak. Ek wil dit ook verder so stel; en ek hoop nie ek begaan 'n fout nie. Aubrey Mokoena het 'n onderwys kursus deurloop, maar 'n fout gemaak, want hy moes 'n predikant geword het. Die minute wat ek hier gesit het, laat my dink. Die genotvolle twee ure saam met Aubrey Mokoena, met gebed en toespraak, laat my dink aan die verkwiste, vervelige minute in die Kerk.

Mense, ek wil julle net in kennis stel dat die Predikant van alle kerke, Dr. Saai (foneties), gevra het dat daar op die 28 ste Aug. in alle kerke gebid moet word vir hierdie Apartheid Regering, dat hierdie Regering ons mense moet uitlos. Ek wil net herhaal wat comrade Aubrey gesê het, en dit is dat die Boere lieg, en of hulle wil of nie, vryheid sal ons kry. Ons sien altyd op TV dat die ANC glo insypel, maar dis alles leuens. Ek eindig net daar, en sê weer dankie, Kameraad! Graag wil ek vir Kameraad Jomo vra om ons verder in te lig en verdere voorstelle te maak. Verder wil ek aan julle 'n persoon voorstel, wat julle seker nog nie gehoor praat het nie; dit is Kameraad Terror. Ek is baie bly dat hy vandag hier by ons is, want P.W. Botha waarsku hom dag en nag dat hy moet ophou toesprake lewer. Voordat daar dus teen Kameraad Terror opgetree word, moet ons mooi luister wat hy vir ons vandag wil vertel.

Hy kan dalk onder huisarres geplaas word, sodat niemand hom kan spreek nie. Ek wil hê dat julle mooi moet luister na wat hy sê; en of hy die mense verkeerd voorsê, om byvoorbeeld petrol te gooi om die goed af te brand, of nie. Botha en Le Grange sê dat as hulle vir Terror kan vang, is hulle klaar met die UDF. Ek wil hulle nog vra hoe hulle dit gaan regkry. Ek wil hom graag hoor praat, al plaas hulle hom onder huisarres, sal ons sy woorde onthou en daarvolgens handel.

Jomo KHASU :

"Teleurstellende nuus is dat ons van môre af verhoogde huishuur gaan betaal. Die mense wat finansieel nie daartoe instaat is nie, kan die ou tarief betaal, en kan nie geforseer word om dit te doen nie. Ek kan nie verstaan dat ons hoër huishuur moet betaal nie, want hulle sê mos ons skuif Pudimoe toe. Hier is nie genoegsame behuising nie, en nou wil hulle ons nie toestemming gee om ons eie huise te bou nie. Ek self kan ook nie die verhoogde huishuur betaal nie, en ek het reeds gevra dat ons nie geforseer moet word om dit te betaal nie. Daar is nog n vraag wat nog nie opgelos is nie, maar daar sal van ons mense van vandag af tot Woensdag besig wees om die vraag op te los. Dankie !"

Voorsitter ; Hoffman GALENG :

"Vriende, ek wil aansluit by wat Comrade Jomo gesê het. As jy finansieel daartoe instaat is om die verhoogde huishuur te betaal, betaal dit, met ander woorde, dit hang net af van jou inkomste hoe jy gaan betaal. Verstaan my mooi, ek sê glad nie dat julle nie moet betaal nie, en die wat dit kan betaal moenie sê hy kan nie betaal nie. As daar mense soos ek en die vorige spreker is wat nie die verhoogde huishuur kan betaal nie, kan daar nie met vuurwapens gedreig word dat ons moet betaal nie. Daar is niemand wat jou eie geld sommer net kan vat nie. Die mense werk vir hulle eie geld, dan kom die witmense en vat dit sommer af, soos Maritz.

As jou geld so gevat word, hoekom gaan maak jy nie n diefstal klagte by die Polisiestasie nie. Ek wil comrade Terror aan die woord stel en ek wil hom vra dat hy nie moet vrees vir dit wat hy wil sê nie."

(Comrade Terror het "AMANDLA ! AMANDLA !" geskree en die gehoor het geantwoord met "NGA WETHU ! NGA WETHU !"

Daar is toe gesing ; "O BABA WETHU" 60 keer. (Dit beteken Hy is ons groot Vader.) Iemand uit die gehoor skree toe "AMANDLA" ! en die gehoor antwoord met "NGA WETHU"!

Daar is toe nog n liedjie gesing waarvan die woorde nie gehoor kon word nie.

Terror LEKOTA :

"Ek groet julle almal, en my groete is belangrik. Ek wil julle vandag wys dat die son ondergaan en sak vir die boere. Móre as die son skyn, skyn hy slegs vir ons mense. Hierdie vryheidsgeveg is al lank aan die gang. Dit het al begin toe die boere hier gekom het. Vandag is die geveg, die derde geveg, aan die gang en ons mense veg met lewe en bloed vir ons doel. Toe ons in Kaapstad was, het ons die kleure swart en geel gekies, waarvan die geel wys dat die goud aan ons, behoort. Die swart kleur wys daarop dat ek die enigste swartman tussen al die wittes was. Daarom moet die swart kleur daar wees, want die hele Afrika is n swart kontinent. Ook is daar n derde kleur gekies wat daar moet wees; die kleur is rooi. Die rooi kleur wys nie net op die Kommunistiese kleur nie, maar ook vir die kleur van die bloed van ons mense wat gevloei het. Die rooi kleur dui op vryheid en dui ook ons verlossing aan. Hierdie geveg het in 1400 begin en het tot 1906 aangehou. Ten alle tye was ons mense se wapens byle en assegaai. Gedurende 1906 het ons mense besluit om die situasie onder oënskou te neem. Hulle het tot die slotsom gekom dat die mense teen wie hulle veg, beter wapens as hulle het, en voor hulle naby genoeg kon kom en hulle met die assegaai kon doodsteek, is hulle geskiet.

Tweedens was ons mense nie n eenheid nie, want die Xhosas, Zoeloes en die Sothos was nooit saam as n eenheid nie. Hulle het opgemerk dat hulle vegkuns nie goed genoeg was nie, en dit het veroorsaak dat ons vandag is waar ons nie moet wees nie.

Hierdie mense is verjaag, deur die boere, vanaf hulle grond. Die mense is verjaag na Transkei, die Basothos wat in die Vrystaat was, is verjaag na die Lesotho-berge, en die Zoeloes is na die Ulandi-berge waar dit droog is, en daar is geen gras nie, verjaag vanaf Gauteng, waar dit vrugbaar is.

Verder wil ek julle nog vertel van hierdie geveg en die boere. Dit was nie net n geveg nie, hulle het ons mense se land en woonplekke afgeneem. Ons mense is na plekke gejaag waar daar niks was nie, en die boere se plan was dat ons moes verhonger en later terug na hulle moet gaan om kos te vra. Toe ons

mense dan terug gaan, is daar aan hulle kos belowe, maar hulle moes eers daarvoor werk. Hulle moes uitvee, vloere plitoer, gate grawe en na goud soek. As hulle dan goud kry, moes hulle dit vir die boere gee. Daar het ons mense verander as werkers. Werkers is mense wat lewe van arbeid wat hulle verkoop en wat self niks besit nie. Toe ons voorouers "Mae buyi E Afrika" gesê het, het hulle bedoel dat ons swartes moet die land terugneem. Toe ons mense dit gesê het, het hulle dit gesê met rooi oë.

Die land is so deurmekaar, want waar gaan ons ons huise bou ? Waar gaan ons ons landerye maak ? Waar gaan ons kinders slaap ? Waar gaan ons vir ons kinders skole bou ? "Mae Buyi" !
(Die gehoor skree toe "E AFRIKA"!)

Lucas Mangope, Gatshe en Mopedi dink dat hulle die land teruggekry het; maar slegs 20 % van die land is nou ons s'n en 87 % is nog die boere s'n. Met ander woorde, die hele land is nog die boere s'n. Ons voorouers kla al lank dat die land aan ons terug gegee moet word. Die rentes gaan ons nog verwurg.

Julle moet mooi luister na my; die kinders bly sonder skool, want daar is nie geld nie vir die Boere, en as hulle kla oor hierdie toestande, dan word hulle met vuurwapens geskiet. Die eintlike rede vir dit alles, is dat die kinders moet gaan werk. Een ding is seker; ek sal nie gaan werk nie ! Daar is manne wat werk, maar hulle werk vir min geld. Die geld is so min, dat jy net n brood kan koop en die huishuur kan betaal. Jy kan nie twee of drie dae uithou sonder om te gaan werk nie. Die arbeid wat ons verrig is n R1000.00 n maand werd, maar ons word net R50.00 betaal, dit vergelyk ek met slawerny. Daar was mense wat die slawerny onder oënskou geneem het. Hierdie mense was Molema en Mokgosha. (Beide name is foneties, die band is baie onduidelik). Hulle het Bloemfontein toe gegaan en hierdie slawerny bespreek. Daar het hulle besluit om die African Native Congress te stig. Hierdie organisasie sal alle rasse, soos die Sotho, Xhosa, Tswana en ook ander, bymekaar bring.

In 1945, toe die tweede wêreldoorlog plaasgevind het, het baie lande vir Hitler aangeval. Hitler het die Jode aangeval en hulle het verswak. Toe het Hitler van die Jode geëis dat hulle bewysboeke moet dra. Vandag tree die boere nog so op, want hulle, Vorster en nou P.W. Botha, het Hitler gesteun in baie dinge, soos in die geval waar Hitler die Jode doodgemaak het.

Noudat die geveg oor is, ontken hulle baie dinge wat hulle gedoen het. Dis daaroor dat hulle weggejaag is vanaf n byeenkoms van die lande van die wêreld in 1982. Dit was gesê dat hulle n byeenkoms vir eerlike mense hou en nie vir Tsotsies nie.

Die Committee Council of Churches, asook die Bybel, verwerp apartheid totaal. Ons praat nie nou van iets nuuts nie, want al die kerke en lande van die wêreld, asook die National Unity weet daarvan. Ek wil julle net kortliks vertel dat toe die geveg in 1945 klaar was, het ons mense na Bloemfontein gegaan en n klag by die African Claims gaan lê. Ons mense was met dokumente uitgereik

wat tot bewys gestrek het dat hulle in die tweede wêreld-oorlog geveg het. Hulle het hulle saak by die Afrika State gestel dat hulle ook n sê in die Regering wil hê, aangesien hulle ook aan die geveg in 1945 deelgeneem het. In 1948 het die boere met n nuwe storie gekom nl. die "Bantu Education". In 1955 het ons mense in Kliptown byeengekom en gesê dat hulle nie die Regering aanvaar nie, en dat hulle n nuwe Regering wil hê, wat almal se belange op die hart dra. Ons soek n nuwe Regering van mense wat kan regeer. Nou vra ek julle n belangrike vraag; wie is die mense wat gaan regeer volgens die Freedom Charter ?

Wie is die mense wat sal regeer ? Is Mangope die mense ?
(Die gehoor skree toe : "Nee ! Nee !")

Sal Mangope môre ook kan regeer ? (Terror)
(Die gehoor skree toe : "Nee !")

Wie is die mense ? Sal P.W. Botha môre ook kan regeer ? (Terror)
(Die gehoor skree toe : "Nee !")

Is hulle mense ? (Terror)
(Die gehoor skree toe : "Nee ! Nee ! Nee ! Hulle is honde")

Wie is die mense ? (Terror)
(Die gehoor skree toe : "Ons is die mense ! Die mense sal regeer" !)

(Terror het toe weer aangegaan met sy toespraak.)

Terror LEKOTA :

"Kom ons antwoord hierdie boodskap, want dit is belangrik en ons antwoord moet eenparig wees. Matanzima, Mangope en die onnosele Gemeenskapsraad, is hulle die mense ?

Die eerste vraag vandag is : Wie is die mense ? Ons praat nie van kleur nie, want ek het alreeds voorheen gesê dat alle mense, Blankes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes almal wat in S.A. bly, moet n eenheid wees, m.a.w. as ons saam bly, het ons S.A. gebou vandag. As jy vandag na die geboue kyk wat nog staan, sien jy dat die mense saam gebou het, sodoende sien jy wat die land vandag is. Kom ons wys wie is die mense wat môre sal regeer. Wie is die mense wat môre sal regeer ? Dit maak nie saak wat hulle kleur is nie. Almal wat van die land is, is mense. Hulle kan groepe wees wat veg teen apartheid, of wat ons help om apartheid te beveg, met woorde en gevoel, hulle is die mense. Dit is hulle wat môre as ons die Regering gestig het, sal sê dit is ons Regering.

Die mense wat teen die mense veg wat teen apartheid is, hulle kan wit of swart wees, hulle is ons vyande. Hulle wat sê hulle sal sterf vir apartheid, soos Mangope, dis hulle wat ons vyande is. Daar is baie van hierdie vyande in S.A., en ons sal hulle nie aan hulle kleur ken nie. n Mens kan hulle nie klasifiseer nie, want party bly in mooi huise en ry met mooi motors, soos Mangope-hulle, en hulle is die mense wat S.A. se grootste vyande is. Die groot "tsotsie" is P.W. Botha. Ons verlang nie om in die boere se regering te wees nie, al wat ons verlang is dat hulle wette moet verdwyn, en ons wette by ons in werking kom. Hierdie "tsotsies" moet bymekaar gemaak word en daar moet aan hulle gevra word waarom hulle so met ons mense maak. Hierdie vraag sal gestel word as ons vry is."

(Iemand in die gehoor skree 2 keer "AMANDLA !" en die gehoor antwoord 2 keer "NGA WETHU !")

"Ek vertel nie stories nie. Môre sal ek vir julle verduidelik hoekom ons mense so min betaal word. Hoekom jaag hulle ons UDF onderwysers weg wat ons mense leer van die apartheid, en stuur hulle tronk toe of gooi hulle met traangas ? Ons sal alles aan hulle doen wat hulle aan ons gedoen het. Die hele wêreld weet van S.A. se apartheid en dit is n vreeslike skandaal. Mense is doodgemaak, ander het hulle vaderland verlaat en ander is tronk toe gestuur. Ander is myne toe en hulle verdien min geld, en dit is baie opsetlik.

Mense, ek weet dat party mense R60.00 per maand verdien en dan is sy huishuur R40.00. Party van die mense het dan 3 tot 4 kinders. Waarvan moet die mense lewe ? Wat moet die mense eet ? Ek onthou in 1960 tot 1961 toe hulle ons "Congress" verbied het. Toe was daar predikante en prokureurs en ander slim mense, wat gestuur was, om vir die boere te gaan sê om ons vry te maak. Die boere het geweier. Mandela het hulle toe n vraag gevra wat hy reeds in 1952 gevra het nl. - watter van sy klagtes is nagekom Mandela is ook een van die mense wat nie as n "chief" beskou wil word nie, soos Mangope se mense aan Mangope dink nie. Mangope se mense sê dit ook. Mandela is ons koning, en as die boere hom nie wil hê nie, ons wil hom beslis hê ! Dit is daarom dat hulle vir Gatsha in Mandela se plék gesit het. Mandela sê ool dat hy moeg is en dat hy niks verder meer kan doen nie, sy kniëe is moeg, hy kan nie meer nie; die boere het hom gewen. In 1961 het hy gesê dat die mense mooi moet luister, want die ding wat sou gebeur sou n belangrike ding wees, wat die mense nie sal toelaat nie. Die mense moet kyk, want die mense sal op hul kniëe doodgaan met hul oë toegemaak, want die boere sê dat hulle wil vi: ons klaarmaak, daarom moet ons baklei !"

(Iemand in die gehoor skree "AMANDLA !" en die gehoor skree "NGA WETHU !")

"Hier het hulle toe die Nkondo We Sizwe gestig. Mandela sê dit is die assegaai van die land waarmee ons voorouers geveg het toe hulle teen die boere geveg het. Ons wil die boere net herrinner

dat die geveg nie opgehou het nie. Dit is nie n nuwe geveg nie, daarom kies ons die dag van 16 Desember as ons groot dag van Nkondo "e Sizwe."

(Iemand in die gehoor skree "AMANDLA !" en die gehoor skree "NGA WETHU !")

"Op hierdie dag van 16 Desember herdenk ons die dag in 1658 toe ons mense se bloed gevloei het asof dit water is, in die Bloed Rivier. Dit het dieselfde as Faro se oorlog gelyk. Die rivier het rooi geword van die mense se bloed, en hierdie geveg is nog nie oor nie ! Hierdie oorlog moet weer begin. Ek waarsku hulle daar ! Nou gaan die derde groep in die derde oorlog.

Vandag neem die boere hulle kinder Universiteit toe en hulle haal ons mense uit die werk uit. Mandela en die ander is tronk toe en hulle vrouens is nou soos weduwees. Party kinders is nou soos weeskinders omdat hulle pa's in die tronk is.

Ons UDF sê dat die apartheid is nog nie klaar nie, want die nuwe konstitusie sê dat die Kleurlinge en die Indiers gaan parlement toe; en dis maar een van die voorbeelde. Hulle doen hierdie ding net sodat die Indiers en Kleurlinge se kinders die vuurwapens kan opneem, as daar n geveg is, en hulle voorloop in die gevegte sodat hulle eerste doodgemaak word en die boere sal maar net agterna kom. Een voorbeeld hiervan is dat jy altyd, as jy van n mynramp hoor oor die radio, jy hoor dat daar 55 tot 200 swartmense beseer is teenoor 1 boer.

Deesdae verkkop hulle die erwe duur en bedrieg hulle eintlik die mense. Met die geld koop hulle vir hulle soldate klere, kos en vuurwapens en dan sê hulle nog dat die dinge het so verander. Wat ons sê is dat daar nog niks verander het nie, tensy hulle apartheid en "bantu education" wegneem en n "Department of Education" in die pel plaas. Hulle neem ook hulle kinders wat in die Universiteit moes gewees het, en ook die bestuurders wat by fabrieke benodig word vir militêre opleiding. Hulle kies dan mense wat nie die kennis besit om so n pos te vul nie, mense soos Matlhabathe. Hulle moes eerder swartmense die poste gegee het wat die kennis besit. Die rede waarom hulle nie die swartes wat hulle B.A. graad het, die poste wil gee nie, is omdat hulle sê dat die swartes se B.A.-graad net so goed soos "second grade - equal to zero is, want hulle sal meer geld vra as die ander:

Ons weet seker almal dat die myne onder Anglo American is. Hierdi myne het duisende werkers. Soms hoor jy dat die Anglo American sê dat hulle vir hulle mense huise gebou het, maar dan het hulle net 20 huise gebou. Hulle gaan PE toe en daar neem hulle n paar fotos van huise met n moderne styl. Die goeie fotos stuur hulle dan na die buiteland en sê dan aan die wêreld dat Anglo American vir sy mense huise gebou het, om hulle te bedrieg. Hulle bou net 20 huise, en waarin bly die ander ? Hulle bly in kompons en hostels. Nou waar is die mense se kinders dan ? Hulle kinders is daar in die dyne, in die gopse, daar waar nie skole is nie, daar i

nie sanitêre geriewe nie, hulle het nie seep nie, ook nie verblyf nie.

In 1966 het Botha vir Mandela-hulle tronk toe gestuur saam met Manang (foneties). Botha het toe gedink dat hulle die verkeerde element uit gegrawe het met wortel en tak. Hulle het egter een baie belangrike ding vergeet. Die vryheidsboom was nie n perske, tamatie of appelboom nie, nee, dit was soos n turksvy, as jy n blaar afkap en weggooi, dan groei dit wees as n nuwe plant !" (Iemand in die gehoor skree "AMANDLA !" en die gehoor skree "NGA WETHU !")

"Mense, vandag is ons hier, omdat daar tussen ons n saad vol vryheidsgees is. Ons wag net vir die reën in die somer, en dan sal jy sien hoe die saad groei en blom, hier tussen ons. Hierdie vryheidsboom is glad nie dood nie, dit word met bloed natgelei, bloed wat uit ons mense se liggame kom. Ons sê dat die dag gekom het en die uitdaging is groot en sterk. Die geld wat ons reeds betaal het vir ons vryheid is baie meer as dit wat agterstallig is. Ons het 90 % al betaal en ons kort nie veel om 100 % te maak nie. Wanneer ons 100 % betaal het, dan sal ons die vryheid oorneem. As ons dan die vryheid gekry het, sal ons die boere n les leer !"

(Die gehoor sing toe n liedjie ; "MABURU" X 6 wat beteken - baie boere.)

"Ons lees baie in die koerant van die UDF en dat ons UDF organisasie die belangrikste organisasie is wat die apartheid beveg. Dit is ons plig om die mens bewus te maak van die situasie. Ons het ook organisasies wat ons steun soos die Huhudi Civic Association, Hostel Committee en die Rent Committee.

Dit was ons nie die afgelope tyd in die koerante gelees het nie, is baie belangrik, want die is sterker as Nelson Mandela se krag. Ook sterker as die vorige leier se krag. Hulle word deur ons versterk, en dis deur ons wat hulle vertrous word in die gevangenis.

Ek is verplig om vir julle te vra om vir HUCA en die Youth organisasies te steun, en as ek môre vir President Sizulu en Vader Gumede vra om na Huhudi te kom, moet hulle kan sien dat baie mense die organisasies versterk, en al die mense betrek. Ons soek nie mense wat die boere steun nie, want as jy hulle van die organisasie inlig sê hulle dat hulle nie die is wat belangstel in politiek nie. Dit is die mense sowel as die boere wat ons pla.

Dis die mense wat die boere se organisasies steun. Die boere het nie die krag as ons nie daar is nie. Die sterke sal hulle ry as hy daar is, dag en nag. Hy dink nie as hy slaap nie. Ons is verplig om ons mense hiervan in te lig. As ons saamstaan kan die boere niks aan ons doen nie. Ons moet die mense organiseer, grootmense, skoolkinders en die jeug wat werkloos is. Julle moet almal organiseer, elkeen van julle. "AMANDLA !" (Die gehoor skree toe "NGA WETHU !")

Page 53 - after line 22.

BOERE - ONS MAAK DIE BOERE DOOD
SO HET THAMBO GESÊ, ONS MAAK DIE BOERE DOOD
GEEN REËL, ONS MAAK DIE BOERE DOOD
SO HET THAMBO GESÊ, ONS MAAK DIE BOERE DOOD
GEEN REËL, ONS MAAK DIE BOERE DOOD
SO HET THAMBO GESÊ, ONS MAAK DIE BOERE DOOD

(THIS SONG WAS STARTED BY THE SPEAKER).

(Galeng kom aan die woord en bedank Terror vir sy toespraak).

Voorsitter : Hoffman GALENG :

"Comrade, ons bedank u. Die boere het twee spioene gestuur om ons te kom bang maak. Julle het ook geskrik en is baie bang. Hulle is nou nog hier tussen ons en hulle het ook gehoor, die pilare van die UDF het klaar gepraat. Die laaste spreker het gesê dat Botha se dag sal kom en dat hy dan hande viervoet sal kruip en net soos Nebukadneser gras sal vreet soos n bees. Wag maar, sy dag sal nog kom. Die mense wat hy gekies het as spioene moet ons maar net aanvaar. Die waarheid is egter dat ons vir niks meer sal vrees nie. Ek het julle verskeie kere al gesê dat ons die Gemeenskapsraad nie aanvaar nie. Hulle gaan selfs sover om in die nag soos katte rond te loop.

Julle veet ook dat HUCA sy pligte uitgevoer het, om briewe te skryf i.v.m. die verskuiwing en die hoër huishuur. UDF sal ook vir ons borgstaan. Mense, Botha is n hond. Hy is die honde se prinsipaal. Julle lees ook in die koerant dat daar gesê word dat UDF van die A.N.C. is. Ons is niks van die ANC nie, en ons ken nie die politie nie. Dit wat ons wil mee wegdoen, is die apartheid. Ek wil net namens die Huhudi Gemeenskapsraad dankie sê aan HUCA, die manne van UDF en die Release Mandela Committee. Hulle het n boodskap gebring, waar hulle gevind het dat die bome reeds besig is om groen te word.

Ek is bly dat Comrade Terror belowe het dat hy vir ons President Gumede en ons Ouma kan bring, al kan sy niks sê nie, sal dit net goed wees om haar weer te sien. Ek wil ook die verteenwoordigers vanaf Kuruman vir hulle teenwoordigheid bedank. Dit sal julle eie skuld wees as julle die boodskappe afwater. Ons het gehoor dat Comrade Terror nie vloek nie en dat hy nie met sy vinger wys nie, ook het hy oor alles gepraat, terwyl ons geluister het. Ek weet nie of ons van hierdie bome se vrugte kan pluk nie, maar van Terror se woorde kan ons beslis gebruik maak. Mense, op die 28 ste Julie 1984 sal daar n groot byeenkoms wees van UDF te Kimberley. Die slimste vader van UDF sal ook teenwoordig wees. Vanaf Vryburg sal daar 4 busse gaan, vanaf Ganyesa 2, vanaf Kuruman 4, en vanaf Taun, sal daar 3 gaan. Ons rig n versoek aan al die mense om self die boodskap daar te gaan aanhoor. Daar sal julle vir Boesak, ons grootste predikant hoor praat. Hulle moes hom uitgekies het as predikant van alle kerke en nie die mense wat na die buiteland gaa om die nuwe konstitusie te gaan verkoop nie.

Mense, ek wil graag comrade Terror se woorde herhaal, en vra dat die mense moet saamwerk, veral die jongmense. Ons sal hierdie vergadering afsluit met n gebed en ons sal vir Mnr. Maphage vra om vir ons voor te gaan met n gebed. Daarna sal ons die nasionale lied sing.

(Maphage het gebid, (die gebed was baie sag en kon nie gehoor word nie.) Daarna het Galeng gesê dat daar RMC kaartjies by Comrade Terror is en die mense wat belangstel kan hom na afloop van die vergadering kom sien. Daarna het almal "NKOSI SIKILELE E AFRIKA" gesing.)

(Die vergadering het om 17h30 begin verdaag.